# Redaksionele Beleid

1. *De Jure* se hoofoogmerke is die bevordering van die regswetenskap en 'n kritiese analitiese benadering tot die reg. Ten einde hierdie doelwitte te verwesenlik, word oorspronklike bydraes van 'n hoë akademiese standard daarin gepubliseer.

2. *De Jure* is 'n nasionale en algemene regstydskrif, waartoe akademici, lede van die regsbank en lede van die verskillende regsprofessies bydra. Geen voorkeur word aan outeurs van enige instelling verleen nie. Die besluit om 'n voorlegging te publiseer, hang daarvan af of dit aan die hoë kwaliteitsvereistes van *De Jure* en of daar plek vir die publikasie beskikbaar is.

3. Voorleggings in beide Afrikaans en Engels word gepubliseer en dit kan uit artikels, aantekeninge en resente regspraak en boekresensies bestaan. 'n Vertaalde title en 'n kort opsomming van ongeveer 300 woorde in Engels moet 'n artikel vergesel indien die artikel in Afrikaans geskryf is. In geval van 'n artikel in Engels, word dieselfde vereiste gestel met betrekking tot 'n Afrikaanse title en opsomming.

4. Ten einde vir publikasie oorweeg te word, moet 'n voorlegging die resultaat van oorspronklike navorsing deur die outeur(s) wees, aan die toepaslike regsbeginsels met betrekking tot die publikasie voldoen (soos outeursreg ensovoorts), iets wat voldoende nuut is tot die bestaande literatuur voeg en aan taalkundige, tegniese en styl-vereistes van publikasies in *De Jure* voldoen. Outeurs is persoonlik daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hul voorleggings aan al hierdie vereistes voldoen.

5. Voorleggings word slegs vir oorweging aanvaar op die basis dat alhoewel die redaksie die finale besluit oor publikasie maak, voorleggings aan gepaste portuur-evaluering en evaluering deur deskundiges onderwerp word, asook aan evaluering deur lede van die advieskomitee indien nodig. Die redaksie behou die reg voor om alle voorleggings wat ivr publikasie aanvaar is, ooreenkomstig die redksionele beleid te redigeer, asook om dit te verkort indien nodig.

6. Manuskripte mag slegs in elektroniese format (gebruik MS Word) via 'n e-pos aan die redakteur of deur aflewering van 'n elektroniese skyf by die kantoor van die redakteur, voorgelê word. Bykomend, moet outeurs

(a) relevante kontakbesonderhede, in besonder e-posadres(se) en telefoonnommers verskaf;
(b) waarborg dat hulle geregtig is om die volle voorlegging te publiseer en dat dit, of deel daarvan nie elders gepubliseer is nie;
(c) openbaar of die voorlegging, of deel daarvan, ook aan 'n ander tydskrif vir publikasie voorgelê is; en
(d) onderneem om redelike kennis aan die redakteur te gee indien die voorlegging weens enige rede onttrek word.

7. Tensy reelings vooraf met die redakteur getref is, mag 'n artikel (insluitend voetnotas en opsomming) nie 8000 woorde oorskry nie. Ander bydraes mag nie 5500 woorde oorskry nie.

8. Tegniese riglyne vir outeurs is op die webblad van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Pretoria bekikbaar: http://www.dejure.up.ac.za/index.php/submissions.